Province of the
EASTERN CAPE
EDUCATION

# NASIONALE SENIOR SERTIFIKAAT

# GRAAD 12

# SEPTEMBER 2014

# GESKIEDENIS V2 MEMORANDUM

**PUNT: 150**

Hierdie memorandum bestaan uit 21 bladsye.

1. **BRONGEBASEERDE-VRAE**

1.1 **Die volgende kognitiewe vlakke is gebruik om brongebaseerde vrae te ontwikkel:**

| KOGNITIEWE VLAKKE | HISTORIESE VAARDIGHEDE | GEWIGSTOE KENNING VAN VRAE |
|---|---|---|
| **VLAK 1 (V1)** | • Onttrek inligting uit die bronne<br>• Selekteer en organisasie van relevante inligting uit bronne<br>• Definieer historiese begrippe/terme | **30% (15)** |
| **VLAK 2 (V2)** | • Interpretasie van bewyse uit bronne<br>• Verduidelik inligting verkry uit bronne<br>• Analiseer bewyse uit bronne | **40% (20)** |
| **VLAK 3 (V3)** | • Interpreteer en evalueer bewyse uit die bronne<br>• Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel<br>• Vergelyk en kontrasteer interpretasies en perspektiewe in die bronne en kom tot onafhanklike gevolgtrekking | **30% (15)** |

1.2 **Die inligting hieronder dui aan hoe brongebaseerde-vrae geassesseer word:**

- By die nasien van alle brongebaseerde vrae moet krediet gegee word vir enige ander geldige en toepaslike standpunte, argumente, bewyse of voorbeelde.
- Met die toekenning van punte moet aandag gegee word aan hoe daar aan die vereistes van die vraag voldoen is.
- In die nasienriglyne word die vereistes van die vraag (vaardighede waaraan aandag gegee moet word) sowel as die vlak van die vraag in kursiefgedrukte skrif aangedui.

## 2. OPSTELTIPE-VRAE

### 2.1 Die opstelvrae vereis dat kandidate:

- In staat sal wees om hul argument op ŉ logiese en samehangende wyse te stel. Hulle moet die relevante inligting kan selekteer, organiseer en bymekaarvoeg sodat dit vir hulle moontlik sal wees om ŉ redelike reeks feite of ŉ effektiewe argument te kan weergee om sodoende die gestelde vraag te beantwoord. Dit is noodsaaklik dat ŉ opstel ŉ inleiding, ŉ samehangende en gebalanseerde liggaam van bewyse en ŉ slot het.

### 2.2 Nasien van opstelvrae:

- Nasieners moet daarop let dat die inhoud van die antwoord gelei sal word deur die handboeke wat by ŉ spesifieke sentrum gebruik is.
- Kandidate mag enige ander toepaslike inleiding en/of samevatting hê as dit wat ingesluit is by ŉ riglyn vir nasien van ŉ spesifieke opstel.
- By die assesering van die opsteltipe-vrae moet kandidate krediet kry vir enige ander relevante antwoord.

### 2.3 Globale assessering van ŉ opstel

Die opstel skryfwerk sal holisties (globaal) geassesseer word. Hierdie benadering vereis dat die onderwyser die totale produk as ŉ geheel sal bepunt sonder om die samestellende dele individueel te bepunt. Hierdie benadering moedig die leerder aan om ŉ individuele mening aan te bied deur gebruik te maak van geselekteerde feitlike bewyse om ŉ argument te ondersteun. Daar sal nie van die leerder verwag word om slegs 'feite' neer te skryf om ŉ beter punt te behaal nie. Hierdie benadering sal leerders ook ontmoedig om 'model-antwoorde' voor te berei en te reproduseer sonder om die spesifieke vereistes van die vraag in ag te neem. Holistiese nasien van opstelle gee krediet aan leerders se mening, ondersteun deur bewyse. Anders as by inhoudsgebaseerde nasien, word leerders met holistiese assessering nie vir ontoereikende taalgebruik gepenaliseer nie, aangesien die klem op die volgende val:

- Die konstruksie/daarstelling van ŉ argument
- Die toepaslike seleksie van feitlike bewyse om sodanige argument te ondersteun
- Die leerder se interpretasie van die vraag

## 2.4 Assesseringsprosedures van die opstel

2.4.1 Hou die sinopsis in gedagte wanneer die skryfwerk nagesien word.

2.4.2 Tydens die eerste deurlees van die skryfwerk moet regmerkies toegeken word vir ŉ relevante inleiding (aangedui met ŉ kolpunt (*bullet*) in die nasienriglyne, vir elke hoofmoment (aangedui met ŉ kolpunt), ŉ relevante slotopmerking (aangedui met ŉ kolpunt), bv. ŉ antwoord waar daar 5 hoofpunte is, sal daar dus 7 regmerkies wees.

2.4.3 Die volgende addisionele simbole kan ook gebruik word:

| | |
|---|---|
| • Inleiding, hoofaspekte en slotopmerking nie behoorlik gekontekstualiseer nie | ^ |
| • Verkeerde stelling | ____ |
| • Irrelevante stelling | \| |
| • Herhaling | **R** |
| • Analise | **A**√ |
| • Interpretasie | **I**√ |

## 2.5 Die Matriks

2.5.1 Gebruik die analitiese matriks in die nasien van die opstel

Die gebruik van ŉ analitiese matriks vir die assessering van opsteltipe vrae (verwys na bladsy 5). By die nasien van uitgebreide skryfwerk met verwysing na bladsy 5, moet die gegewe kriteria in die matriks gebruik word. Beide die inhoud en die aanbieding moet in ag geneem word. ŉ Punt word toegeken by die snypunt van die inhoud en aanbieding gebaseer op die sewe vaardigheidsvlakke.

(a) Met die eerste deurlees van die opstel word daar bepaal tot watter mate die hoofmomente gedek is om en die inhoudsvlak (op die matriks) vas te stel.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| | | |

(b) Die tweede deurlees van die skryfwerk sal die vlak (op matriks) van die **aanbieding** bepaal.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | |
| A | VLAK 5 | |

(c) Ken ŉ algehele punt toe met behulp van die matriks.

| | | |
|---|---|---|
| I | VLAK 4 | 30 – 33 |
| A | VLAK 5 | |

## NASIENMATRIKS VIR OPSTELTIPE-VRAE: DIE MATRIKS – 50

| AANBIEDING → <br> INHOUD ↓ | VLAK 7 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. Goeie sintese van inligting. Het 'n goed gebalanseerde, oorspronklike argument ontwikkel met bewyse. Argument deurgaans volgehou en verdedig. Onafhanklike gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 6 <br> Baie goed beplande en gestruktureerde opstel. 'n Relevante argument is gevolg. Bewyse gebruik om die argument te verdedig. Poog om 'n onafhanklike gevolgtrekking uit die bewyse te maak om die argument te ondersteun. | VLAK 5 <br> Goed beplande en gestruktureerde opstel. Poog om 'n duidelike argument te ontwikkel. Gevolgtrekking gemaak uit bewyse om die argument te ondersteun. | VLAK 4 <br> Argument beplan en gestruktureer. Bewyse tot 'n sekere mate gebruik om argument te ondersteun. Slotsom bereik op grond van bewyse. | VLAK 3 <br> Toon soms bewys van 'n gestruktureerde en beplande argument. Poog om 'n argument vol te hou. Gevolgtrekking nie duidelik ondersteun deur bewyse nie. | VLAK 2 <br> Poging aangewend om antwoord te struktureer. Grootliks beskrywend of poog om argument te ontwikkel. Geen poging om 'n gevolgtrekking te maak nie. | VLAK 1 <br> Weinig of geen poging om die opstel te struktureer nie. |
|---|---|---|---|---|---|---|---|
| **VLAK 7** <br> Vraag is ten volle beantwoord. Inhoudskeuse ten volle relevant tot argument wat gevolg is. | 47–50 | 43–46 | | | | | |
| **VLAK 6** <br> Vraag is beantwoord. Inhoudseleksie relevant tot argument wat gevolg is | 43–46 | 40–42 | 38–39 | | | | |
| **VLAK 5** <br> Vraag grotendeels beantwoord. Inhoud toereikend en relevant. | 38–39 | 36–37 | 34–35 | 30–33 | 28–29 | | |
| **VLAK 4** <br> Vraag herkenbaar in antwoord. Sommige weglatings of irrelevante keuse van inhoud. | | | 30–33 | 28–29 | 26–27 | | |
| **VLAK 3** <br> Keuse van inhoud hou verband met vraag, maar beantwoord dit nie. Hou soms nie verband met die vraag nie. Weglatings. | | | | 26–27 | 24–25 | 20–23 | |
| **VLAK 2** <br> Vraag ontoereikend beantwoord. Inhoud skraal. | | | | | 20–23 | 18–19 | 14–17 |
| **VLAK 1** <br> Vraag ontoereikend beantwoord of glad nie. Ontoereikend of irrelevante inhoud. | | | | | | 14–17 | 0–13 |

## AFDELING A: BRONGEBASEERDE VRAE

### VRAAG 1: WATTER ROL HET STEVE BIKO IN SUID-AFRIKA SE BEVRYDINGSTRYD GEDURENDE DIE 1970's GESPEEL?

1.1 1.1.1 *[Verduidelik historiese konsepte uit Bron 1A – V1]*

(a)
- Wanneer mense onregverdig behandel word en hul vryheid beperk word.
- Mense hul basiese menseregte te weerhou.
- Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

(b)
- Is 'n filosofie wat gegrond is op die geloof dat bevryding van swartes alleen kan plaasvind as die boeie van minderwaardigheid en vrees verwyder is.
- Enige ander relevante verduideliking. (1 x 2) (2)

1.1.2 *[Onttrekking van bewys uit Bron 1A – V1]*

- ANC
- PAK (2 x 1) (2)

1.1.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1A – V2]*

- Alle-nie blanke mense moet verenig om teen apartheid te veg.
- Biko wou mense bewus maak dat alle nie blankes in Suid-Afrika onderdruk word.
- Doen 'n beroep op swartmense om by die SB aan te sluit in hul stryd teen apartheid.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.1.4 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1A – V1]*

- "Ons moet verenig om as 'n sterk mag te reageer"
- "Die SB het moeite gedoen om weg te beweeg vanaf hul noue studentebasis."
- "Swartmense – werkers, studente, onderwysers en die werklose – het almal in die saal vergader."
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 1) (2)

1.2 1.2.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – V2]*

- Om swart mense op te hef.
- Swartes mekaar help.
- Werksgeleenthede te skep.
- Self-onderhoudend te word.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.2.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1B – V1]*

- Zimele Trustfonds
- Ginsberg Opvoedkundige Trust (2 x 1) (2)

1.2.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 1B – V1]*

- Zanempilo kliniek (1 x 1) (1)

1.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1B – V2]*

- Apartheidsregering was gekant teen die Swartbewussyn-beweging.
- Apartheid het die SB as ŉ bedreiging vir hul voorbestaan gesien.
- SB het apartheidsregering uitgedaag om apartheid te beëindig.
- Apartheidsregering nie bereid om hul mag te deel nie.
- Apartheidsregering nie bereid om hul mag aan swartes af te staan nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3 1.3.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 1C – V1]*

- Wees trots
- Selfvertroue te hê
- Self-onderhoudend te wees
- Enige ander relevante antwoord. (3 x 1) (3)

1.3.2 *[Interpretasie en analise van bewyse uit Bron 1C – V3]*

**REGVERDIG**
- Beide Mandela en Biko was Afrikane/swart.
- Beide Mandela en Biko het teen apartheid geveg.
- Biko en die SB het die politieke leemte tydens die verbanning van die ANC gevul.
- Biko en die SB het die bevrydingsstryd tydens die verbanning van die ANC lewendig gehou.
- Enige ander relevante antwoord.

**NIE-GEREGVERDIG**
- Mandela subjektief
- Mandela het nie Biko goed geken nie.
- Mandela was in die gevangenis gedurende die 1970's.
- Die SB het nie apartheid onmiddellik verwyder nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 1C – V2]*

- Hy het die jeug tot aksie teen apartheid gemobiliseer.
- Die stigting van die SB het die politieke leemte in Suid-Afrika gevul.
- Biko het die stigting van studente-organisasies geïnisieer om Aparteid teen te staan.
- Hy het swartes gemotiveer om nie te vrees en ontslae te raak van die gevoel van minderwaardigheid.
- Biko het ŉ sleutelrol in die aftakeling van apartheid gespeel.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3.4 *[Interpretasie van inligting vanuit Bron 1C – V2]*

- Om op te staan en onderdrukking te beveg.
- Geestelike bevryding.
- Om die ketting van onderdrukking teen apartheid te verbreek.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.3.5 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 1C – V3*]

**Kandidate moet ŉ standpunt inneem en aandui of hulle SAAMSTEM of NIE-SAAMSTEM en hul antwoord motiveer.**

**STEM SAAM**
- Apartheid was ŉ bose sisteem.
- Apartheid lei tot swart onderdanigheid.
- Beide Mandela en Biko het apartheid verwerp.
- Biko se SB het bygedra tot die val van apartheid.
- Enige ander relevante antwoord.

**STEM NIE SAAM NIE**
- Interne en eksterne druk in die 1980's lei tot die val van apartheid.
- Ineenstorting van kommunisme het beide die ANC en NP tot vredesonderhandeling gedwing.
- Biko en die SB het geen verandering in die 1970's teweeggebring.
- Die UDF en vakbondbewegings het apartheid op sy knieë gedwing.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

1.4 *[Interpretasie en evaluering van bewyse van al die bronne – V3]*

Kandidate moet die volgende aspekte by hulle antwoorde insluit:

- Die SB het die bevrydingsstryd lewend gehou terwyl die ANC verban was (Bron 1A).
- SB het mense, studente, onderwysers en werkers verenig om teen Aparteid te veg (Bron 1A).
- Apartheid het teen alle swart mense gediskrimineer ongeag ras (Bron 1A)
- Ouers, werkers en studente gemobiliseer om SB-idees te versprei (Bron 1B)
- Selfhelpskemas is deur Biko opgerig en was deur swartes bestuur (Bron 1B)
- Mandela erken Biko se rol in die vorming van ŉ nuwe Suid-Afrika (Bron 1C)
- Biko se klem op selfonderhoudende skemas het swartes verenig (Bron 1C)
- Wys dat die SB deur die NP gevrees was.
- SB was beskou as ŉ verlenging van die doelwitte van die ANC (Bron 1C).
- Wys dat Biko vermoor is, maar sy nalatenskap duur voort (Bron 1C).
- Plakkaat bewys dat alhoewel hy vermoor was, sy idees voortduur.
- Enige ander geldige antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om ŉ punt toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op ŉ baie elementêre manier, bv. **toon geen of min begrip oor die rol van Biko in Suid-Afrika se bevrydingsstryd.**<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip oor die rol van Biko in Suid-Afrika se bevrydingsstryd.**<br>• Gebruik bewyse op ŉ basiese manier. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **toon begrip oor die rol van Biko in Suid-Afrika se bevrydingsstryd.**<br>• Bewyse hou in ŉ groot mate verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse effektief in ŉ georganiseerde paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6 – 8** |

**[50]**

**VRAAG 2: TOT WATTER MATE WAS DIE WAARHEIDS-EN-VERSOENINGSKOMMISSIE WVK SUKSESVOL OM MET SUID-AFRIKA SE VERLEDE TE DEEL?**

2.1 2.1.1 *[Verduideliking van historiese konsepte uit Bron 2A – V1]*

(a)
- Rasse-segregasie
- Diskriminasie teen mense gegrond op kleur, ras en geslag.
- Die skeiding van mense op ekonomiese, politieke en sosiale vlak.
- Enige ander relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)

(b)
- Toestaan van amptelike vrywaring vir misdade wat as gevolg van politieke redes gepleeg is.
- Enige ander relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)

2.1.2 *[Onttrekking van inligting uit Bron 2A – V1]*

- Om die oorsake en aard van grootskaalse menseregte-skendings bloot te lê
- Toestaan van amnestie
- Openbaar alle relevante feite wat verband hou met geweld wat gepleeg was
- Herstel van menslike en burgerlike waardigheid.
- Aanbeveling van vergoeding/amnestie
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 4 x 1) (4)

2.1.3 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Baie haat/wantroue het onder die verskillende rasse geheers.
- Om die nuwe dispensasie in Suid-Afrika te laat werk.
- Om verdere geweld te stop wat Suid-Afrika vir jare geteister het.
- Om die voortbestaan van die nuwe demokrasie te beveilig.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.1.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2A – V2]*

- Slagoffer-vriendelik: Hulle toegelaat om afsluiting te vind en ŉ geleentheid gebied om te vergewe.

**OF**

- Oortreder-vriendelik: Hulle is nie tronkstraf toegedien nie vir hul dade nie/amnestie was aan hulle toegestaan. (1 x 2) (2)

2.2 2.2.1 *[Ontrekking van inligting uit Bron 2B – V1]*

- Om amnestie te verkry. (1 x 1) (1)

2.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Slagoffers was die geleentheid gegun om aan oortreders te verduidelik hoe hul wandade hulle geaffekteer het.
- Oortreders het geleentheid gekry om die stories/verhale te vertel.
- Oortreders het kans gekry om vir amnestie aansoek te doen.
- Slagoffers se families het die oortreder vergewe.
- Slagoffers se families het vergoeding ontvang.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.2.3 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2B – V2]*

- Regstellende geregtigheid – gemik op die skade wat deur politieke misdade gepleeg is, te herstel.
- Strafbare geregtigheid – gemik op straf vir misdade wat gepleeg is. (2 x 2) (4)

2.2.4 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2B – V2]*

- Sommige oortreders het nie die volle waarheid van hul wandade onthul nie.
- Sommige het geweier om voor die WVK te verskyn.
- Sommige oortreders het geen berou oor hul wandade getoon nie.
- Hulle was ten gunste van strafbare geregtigheid.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.2.5 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 2B – V1]*

- Mxenges
- Seremanes
- Khulumani-groep (3 x 1) (3)

2.2.6 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit Bron 2B – V3]*

**Kandidate moet standpunt inneem en hul antwoord motiveer.**

**GEREGVERDIG**
- Mense moet vir hul misdade gestraf word.
- Oortreders moet nie met moord weg kom nie.
- Geregtigheid kon nie vanaf slagoffers ontneem word nie.
- Oortreders verantwoordelik gehou word vir hul wandade.
- Enige ander relevante antwoord.

**NIE-GEREGVERDIG**
- Het nie die doelwitte van die WVK verstaan nie.
- Gemik om die skade wat deur apartheid veroorsaak was te herstel.
- Gepoog om menseregte kultuur te herstel/regstel.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3 2.3.1 *[Interpretasie van inligting uit Bron 2C – V2]*

- P.W. Botha het nie belang gestel in die doelwitte van die WVK nie.
- P.W. Botha het geweier om die menseregteskendings tydens sy ampstermyn te ontbloot.
- P.W. geweier om voor die WVK te verskyn.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 2C – V1]*

- Aartsbiskop Desmond Tutu (1 x 2) (2)

2.3.3 *[Interpretasie en evaluering van bewyse uit Bron 2C – V2]*

- Hulle het gevoel dat die WVK ʼn heksejag teen hulle was.
- Sommige agente het gevoel dat hulle slegs bevele en opdragte uitgevoer het.
- Die WVK het meer gefokus op wandade wat deur apartheidsagente gepleeg is.
- P.W. Botha het volgehou dat: "Ek het niks verkeerd gedoen nie."
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

2.3.4 *[Skakel met bronne om hul bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel – V3]*

**BETROUBAAR**
- Dit wys dat P.W. Botha geweier het om voor die WVK te getuig
- Die WVK het geen wetlike mag gehad om iemand te dwing om voor die WVK te verskyn nie.
- Dit was nie ʼn hof nie.
- Die boodskap kan deur ander historiese bronne bekragtig word.
- Enige ander relevante antwoord.

**ONBETROUBAAR**
- Die spotprent verwys slegs na een persoon wat geweier het om te getuig, maar daar was andere.
- Sekondêre bron
- Dit wys die siening van Shapiro oor die WVK.
- Wys nie die redes vir P.W. Botha se weiering nie.
- WVK was ʼn vrywillige proses.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

2.4 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse van al die bronne – V3]*

**Kandidate kan op die volgende aspekte fokus in hul beantwoording van die vraag.**

**SUKSES**
- Bring versoening tussen wit/swart (Bron 2A)
- Dit het die haat tussen wit/swart verwyder
- Doelwit - vergewe sonder om te vergeet
  - regstellende geregtigheid bevorder eenheid
  - regstellende geregtigheid bevorder menseregte (Bron 2A)
- Amnestie toegestaan aan diegene wie hul stories onthul het (Bron 2B)
- Slagoffers vergewe hulle/vind afsluiting (Bron SB)
- Slagoffers is vergoed
- Baie mense getuienis afgelê (klein vissies) – (Bron 2C)
- Leiers van groot partye het uit gemis op die geleentheid om eenheid te verbeter deurdat hulle geweier het om getuienis af te lewer (Bron 2C)
- Verseker die oorlewing van die nuwe demokrasie
- Enige ander relevante antwoord

**MISLUKKINGS**
- Het nie eenheid tussen blankes en swartes gebring nie (Bron 2B)
- Vergoeding kon nie ʼn mens se lewe vervang nie
- Sommige wou strafbare regverdigheid hê (Bron 2B)
- Oortreders moet word vir hul misdade gestraf
- Leiers van groot politieke partye het nie voor die WVK verskyn nie
- P.W. Botha het geweier om getuienis af te lê en het volgehou “ek het niks verkeerd gedoen nie” (Bron 1C)
- F.W. de Klerk het gevoel dat dit ʼn heksejag teen hulle (wittes) was.
- IVP wie baie politieke misdade gepleeg het, het ook geweier om voor die WVK te verskyn
- Die ANC het gevoel dat die WVK die bevrydingsstryd gekriminaliseer het.
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n baie elementêre manier bv. **toon geen of min begrip of die WVK 'n sukses of mislukking was nie.**<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse meestal relevant en hou verband met die onderwerp, bv. **toon begrip of die WVK 'n sukses of mislukking was.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse bv. **toon 'n deeglike begrip of die WVK 'n sukses of mislukking was.**<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n beplande paragraaf wat begrip van die onderwerp toon. | **Punte: 6 – 8** |

**[50]**

## VRAAG 3: WATTER IMPAK HET GLOBALISASIE OP AFRIKA NA 1989 GEHAD?

3.1 3.1.1 *[Verduideliking van historiese konsep uit Bron 3A – V1]*

- Dit beskryf die manier waarin mense, idees en goedere gouer en goedkoper rond regoor die wêreld beweeg.
- Dit is die proses waarby die wêreld al hoe meer geïntegreerd en verbind is – polities, ekonomies en kultureel.
- Enige ander relevante verduideliking. (Enige 1 x 2) (2)

3.1.2 *[Onttrekking van bewys uit die Bron 3A – V1]*

- Die groei van groot maatskappye (1 x 2) (2)

3.1.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3A – V1]*

- Dit is meer winsgewend as kleiner ondernemings
- Hulle was verantwoordelik vir 17% van wêreldhandel
- 200 transnasionale korporasies beheer nou 32% van wêreldhandel (Enige 2 x 1) (2)

3.1.4 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3A – V2]*

- Gevorderde tegnologie in vervoer maak afstand minder belangrik.
- Internet het nuus en inligting gouer regoor die wêreld versprei.
- Verdwyning van grense – minder handelsversperrings
- Lei tot toenemende immigrasie van mense opsoek na werksgeleenthede.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 1 x 2) (2)

3.1.5 *[Onttrekking van bewys uit Bron 3A – V1]*

- Coca Cola
- Camel
- Playboy
- Nike
- McDonalds
- Microsoft
- Apple
- IBM
- Lilly
- Pepsi
- Shell
- EXXON
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 4 x 1) (4)

3.1.6 *[Interpreteer en evalueer van bewyse uit Bron 3A – V3]*

- Beide bronne maak melding van groot ondernemings.
- Die geskrewe bron maak melding van groot ondernemings wat goedere in groot hoeveelhede produseer en die visuele bron wys die bekende ondernemings.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.1.7 *[Skakel met bronne om bruikbaarheid, betroubaarheid, eensydigheid en beperkings vas te stel –V3]*

- Groot ondernemings beheer die Verenigde State
- Groot ondernemings beheer Verenigde State se beleidsrigting.
- Wys dat die ontwerper teen multinasionale korporasies, wat nie net die VSA beheer nie, maar ook die wêreld gekant was.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2 3.2.1 *[Onttrekking van inligting uit Bron 3B – V1]*

- Ineenstorting van die USSR
- Val van kommunisme (2 x 1) (2)

3.2.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3B – V2]*

- Hulle het Afrika-lande gedwing om demokratiese regerings in te stel.
- Hulle het voorwaardes aan Afrika-lande gestel.
- Hulle het Afrika-lande gedwing om staatsondernemings te privatiseer.
- Hulle wou minder werkersunie-aktiwiteite hê.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.2.3 *[Interpretasie van bewys van uit Bron 3B – V2]*

**MINDER MATE**
- Globalisasie het die gaping tussen rykes en armes vergroot
- Onderontwikkelde en ontwikkelende lande was onderhewig aan 'n stel voorvereistes vir hulp
- Afrika-lande was gedwing om staatsondernemings te privatiseer
- Afrika-lande kan nie meeding met pryse van die Noorde nie
- Westerse kultuur versprei na Afrika-lande – Afrika verloor hul kultuur
- Bystand/Lenings lei tot meer skuld
- Enige ander relevante antwoord.

**GROOT MATE**
- Afrika-lande kan hul produkte in die buiteland verkoop.
- Afrika-geskoolde arbeiders kon migreer vir beter lewensomstandighede.
- Dit het 'n internasionale arbeidsmark geskep.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3 3.3.1 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Regerings vrees dat hulle hul besighede sou onttrek en verskuif. (1 x 1) (1)

3.3.2 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Lae belasting op winste
- Verslapping van arbeidswette
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.3.3 *[Onttrekking van bewyse uit Bron 3C – V1]*

- Noordelike halfrond (1 x 1) (1)

3.4 3.4.1 *[Interpretasie van bewyse uit Bron 3C – V2]*

- Suid-Afrika se ekonomie is kleiner in vergelyking met ander BRICS-lande.
- Suid-Afrika se bydrae tot BRICS sal beperk wees.
- Suid-Afrika het nie veel invloed op die wêreldekonomie nie.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige1 x 2) (2)

3.4.2 *[Interpretasie van inligting uit Bron 3C – V2]*

- Om gemeenskaplike belange te bespreek en te bevorder.
- Hierdie lande het ŉ groot deel van die wêreld se bevolking en ekonomie uitgemaak.
- Dit sluit in die kontinente buite die Noordelike halfrond wie die proses van globalisasie beheer.
- Nie-Westerse lande kan ŉ rol in die globale ekonomie speel.
- Wou ŉ Suid-Suid ontwikkelingsbank stig.
- Globale invloed te verhoog.
- Enige ander relevante antwoord. (Enige 2 x 2) (4)

3.5 *[Interpretasie en evaluasie van bewyse uit bronne en historiese kennis – V3]*

**Kandidate moet van die volgende aspekte gebruik om die vraag te beantwoord.**

**POSITIEWE IMPAK**
- Toename in rykdom.
- Toename in mag.
- TNK (groot maatskappye) se rykdom en mag vermeerder (Bron 3A).
- Soek nuwe beleggingsgeleenthede (Bron 2B).
- Verlaag tariewe/handels-struikelblokke (Bron 3C).
- Skep werksgeleenthede.
- Verbreed vaardighede/opvoeding
- Nuwe neigings in mode/kultuur/idees/tegnologie (Bron 3A).
- Enige ander relevante antwoord.

**NEGATIEWE IMPAK**

- Verdelingsfaktor
- Noordelike Halfrond beheer 80% van globale rykdom (Bron 3A)
- Ryked word ryker en armes armer.
- Verspreiding van Westerse kultuur (Bron 3A)
- TNK invloed/domineer plaaslike politieke en ekonomiese beleide (Bron 3B)
- TNK ten gunste van lande waar daar min werkersunie-aktiwiteite is.
- Globalisasie funksioneer in die belange van besighede en nie in die belange van mense nie (Bron 3B)
- Afrika-kontinent deel nie in die rykdom van globalisasie nie (Bron 3C)
- Miljoene het nie toegang tot die internet nie.
- IMF/Wêreldbank/WHO stel streng reëls vir finansiële hulp (Bron 3C).
- Finansiële hulp vererger armoede en werkloosheid in Afrika.
- Enige ander relevante antwoord. (8)

Gebruik die volgende rubriek om 'n punt toe te ken.

| | | |
|---|---|---|
| **VLAK 1** | • Gebruik bewyse op 'n elementêre wyse, bv. **toon geen of min begrip van die impak van globalisasie op Afrika.**<br>• Gedeeltelike gebruik van bewyse om oor die onderwerp te skryf of kan glad nie oor die onderwerp skryf nie. | **Punte: 0 – 2** |
| **VLAK 2** | • Bewyse is meestal relevant en hou in 'n groot mate verband met die onderwerp, bv. **toon begrip van die impak van globalisasie op Afrika.**<br>• Gebruik bewyse op 'n basiese manier. | **Punte: 3 – 5** |
| **VLAK 3** | • Gebruik relevante bewyse, bv. **demonstreer 'n deeglike begrip van die impak van globalisasie op Afrika.**<br>• Bewyse hou goed verband met die onderwerp.<br>• Gebruik bewyse baie effektief in 'n georganiseerde paragraaf wat begrip toon van die onderwerp. | **Punte: 6 – 8** |

**[50]**

## AFDELING B: OPSTELTIPE-VRAE

Beantwoord ten minste EEN opsteltipe vraag en nie meer as TWEE uit hierdie afdeling.

**VRAAG 4:**

**BURGERLIKE WEERSTAND, 1970's TOT 1980's: SUID-AFRIKA**

SINOPOSIS

Kandidate moet 'n standpunt inneem en bespreek hoe die interne versetbeweging in Suid-Afrika tot die verbrokkeling van apartheid in die 1980's bygedra het.

HOOFASPEKTE

Kandidate behoort die volgende aspekte in hulle antwoord in te sluit.

INLEIDING: Kandidate moet aan dui tot watter mate die interne versetbeweging bygedra het tot die verbrokkeling van apartheid.

UITBREIDING
- Botha se "totale strategie"
- Driekamerstelsel deur P.W. Botha geskep
- Kleurlinge en Indiërs verteenwoordig, maar nie swartes nie
- Swartes het slegs politieke regte in die sogenaamde tuislande
- Reaksie van anti-Apartheidsbewegings
- UDF – was 'n nie-rassige alliansie wat in 1983 tot stand gekom het
- UDF loods 'n massaveldtog om Kleurlinge en Indiërs te oorreed om nie deel te neem aan die verkiesings vir die Huis van Verteenwoordigers en Afgevaardigdes nie.
- Burgerlike versetveldtogte teen die Driekamerstelsel het daarop gedui dat mense hierteen gekant was.
- Vryheidsoptogte/stakings/skool-, huur- en verbruikersboikotte
- Burgerlike verset – die rol van burgerlike organisasies/"brood en botter kwessies"
- Wou die standaard en gehalte van lewens in lokasies verbeter
- Verset teen swak dienste deur boikotte – weier om huur te betaal
- Rol van SARK (Suid-Afrikaanse Raad van Kerke)
- Prominent in die geveg vir sosiale geregtigheid en die apartheidswette uitgedaag
- Opgestaan vir armes en onderdruktes
- Rol van werkersunies – veg vir die regte van swart werkers.
- Rol van studentorganisasie KOSAS (Kongres van Suid-Afrikaanse Studente)
- Het studente-aktiwiteite in verskeie streke gekoördineer.
- Verenig studente en veg vir eise van studente.
- AZASO (Azanië Studente-organisasie) en KOSAS het skoolboikotte, weg-bly aksies, verbruikersboikot en selfverdedigingstruktuur teen apartheid sekuriteitsmagte georganiseer.
- Massa Demokratiese bewegings gevorm toe die UDF verban is
- Versetveldtog teen segregasie
- 1989 – "jaar van massa-aksie"
- Veldtog teen diensplig
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

## VRAAG 5: DIE KOMS VAN DEMOKRASIE NA SUID-AFRIKA EN AANVAARDING: VAN DIE VERLEDE

SINOPSIS

Kandidate moet ʼn standpunt inneem aangaande die verklaring en verduidelik hoe die geweld die onderhandelingsproses onderbreek het en die pad na ʼn nuwe Suid-Afrika bespreek.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet van die volgende aspekte in hul antwoord insluit:

INLEIDING: Kandidate moet aandui of hulle saamstem of nie saamstem met die aanhaling en hul argument met relevante voorbeelde ondersteun.

UITBREIDING
- Vrylating van Mandela
- Proses van onderhandeling en hervorming
- Samesprekings tussen hoofrolspelers begin
- Groote Schuur-samesprekings
- Pretoria-samewerking
- Geweld – Boipatong, Natal en PWV
- CASAG-groep en Vryheidsalliansie
- Kodesa 1 en 2
- Bisho massa-moorde
- Sluipmoord op Chris Hani
- AWB storm die Wêreldhandelsentrum
- Bophuthatswana-omverwerping
- Verklaring van Onderneming
- Tussentydse grondwet en Menseregte Handves
- Veelparty-onderhandelingsproses begin – 'Sunset clause'
- 1994 verkiesing
- Nuwe grondwet
- Enige ander relevante antwoord

Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met ʼn relevante slot. **[50]**

## VRAAG 6: DIE EINDE VAN DIE KOUE-OORLOG EN 'N NUWE WÊRELDORDE 1989 TOT DIE HEDE

SINOPSIS

Kandidate moet verduidelik hoe die ineenstorting van kommunisme en die USSR die weggebaan het vir onderhandeling tussen die ANC en apartheids regering na 1989.

HOOFASPEKTE

Kandidate moet die volgende aspekte in hul antwoord insluit.

INLEIDING**:** Kandidate kan agtergrond gee oor die omstandighede in beide Suid-Afrika en die USSR gedurende die 1980's of enige ander relevante inleiding.

UITBREIDING

*Gorbachev se hervorming en die ineenstorting van die Sowjetunie*
- Perestroika en Glasnost
- Hervorm kommunisme, maar nie heeltemal laat vaar nie
- Gelei tot opstande en demonstrasies
- Boris Yeltsin – hou veelparty-verkiesing
- Dit lei tot die opbreek van die Sowjetunie – 1989 –1992

*Internasionale aangeleenthede en die ineenstorting van die USSR*
- "Star Wars" in die 1980's – mededinging met die VSA
- Ekonomies swak
- Oorlog in Afghanistan
- Gorbachev gedwing om hervorming te implementeer
- USSR swak om satellietstate te dissiplineer gedurende die 1980's
- Val van die Berlynse-muur – aanduiding vir die Sowjetunie state dat hulle hul eie lot kon bepaal
- Opstande: – Slowakye, Roemenië, Lithuanië en Poland
- Sowjet-satellietstate volg voorbeeld van Ooste blok-state
- Direkte oorsaak vir die disintegrasie van die Sowjetryk

*De Klerk se beleide en die vrylating van Mandela*
- Botha tree af en word deur De Klerk vervang in 1989.
- De Klerk bevry Mandela
- Ontban die ANC en PAK.

*Internasionale aangeleenthede wat De Klerk gedwing het om Mandela te bevry.*
- Toenemende eksterne druk en opposisie teen apartheid
- Val van kommunisme
- Verloor Amerika as bondgenoot
- Suid-Afrika word verslaan by Cuito Cuanavale en die onttrekking van Suid-Afrikaanse magte vanuit Angola en Namibië.
- Onafhanklikheid van Namibië
- Al die bogenoemde het De Klerk uiteindelik gdwing om Mandela te bevry en die ANC, PAK en SAKP te ontban.
- Enige ander relevante antwoord.

Samevatting: Kandidate moet hul argument saamvat met 'n relevante slot. **[50]**

**GROOTTOTAAL: 150**